

DS. PHILIPP DIETMANN

SONDAG 5 APRIL 2020

MARKUS 10:46-52

Die afgelope tyd het ons saam gereis in lydingstyd. Dit is 'n tyd waar ons saam met ander gelowiges nie net Jesus se dood herdenk nie, maar ook ons eie sterflikheid en brose menslikheid en dat ons nie altyd die lewe reg geleef kry nie. Ek wil jou uitnooi om saam met my hieroor te reflekteer.

Die geskenk van lydingstyd is dat ons hierdie stories met onself en ander deel. Die eerste gelowiges het geglo dat as ons woorde gee aan hierdie stories ons van die gewig en las daarvan bevry word. Die meeste van ons sukkel om na te dink oor die tye toe ons nie die lewe suksesvol kon hanteer nie en om woorde aan ons eie onvermoë te gee.

'n Vrou van Nederland het my hieraan herinner. In die voorportaal van die Molukse Kerk, in die dorpie Houten, Nederland, staan twee horlosies langs mekaar, agter donker glas. Een sê hoe laat dit in Nederland is en die ander wys die tyd in Ambon, die hoofstad van die Molukke eilande in verre Indonesië want dit is waar die lidmate van die Molukke kerk in Nederland, meer as 60 jaar gelede, vandaan gekom het.

Hulle het 'n hartseer en tragiese geskiedenis. Tydens die onafhanklikheidsstryd op die Molukke eiland het van die plaaslike bewoners as soldate saam met die Nederlandse koloniale magte geveg. Na die oorlog kon die groep Molukkers nie teruggaan huistoe nie en is hulle toegelaat om te hervestig in die dorpie Houten in Nederland. Dié gemeenskap bly tot vandag nog in dié dorp. Die Molukkers sal sê dat hul nooit regtig tuis gekom het, of welkom gevoel het in hulle nuwe omgewing nie.

'n Klompie jare gelede is daar 'n konferensie by Stellenbosch Universiteit gehou waar kerkleiers saam gedink het oor hoe die kerk vreemdelinge en vlugtelingen kan laat welkom voel. 'n Groepie van die Molukkers is uitgenooi om deel te neem aan die gesprek. 'n Molukse vrou het opgestaan en verduidelik dat elke nuwe geslag wat gebore word die swaarkry anders ervaar. Sommige hunker na plekke waar hul nog nie was nie en ander verlang na iets wat hul nog nie beleef het nie. Sy erken dat selfs die horlosies in hul kerk heimweë by haar mense veroorsaak. Sy vertel dat toe die Molukse kerk in Houten geopen is, is gaste van Ambon en Nederland na die opening genooi. Simbolies het hul toe die twee horlosies op dieselfde tyd gestel om te wys wat agter lê is nou verby. Maar kort voor lank het hul die tyd weer terug gedraai, die een na Ambon en die ander na Houten. Sy eindig haar storie en vertel dat dit vir haar voel asof daar twee mense in haar lewe is, een wat saamgekom het na Nederland en een wat agtergebly het op die eiland.

Terwyl sy haar storie vertel het, het sy my herinner dat meeste van ons sukkel met oorgange in ons lewe en tog het die antieke gelowiges geglo dat oorgange en veranderinge geskenke en boodskappers is om ons te laat sien wat dalk nog altyd daar was, of om ons te help om die eerste tree na die onbekende en nuwe realiteit te neem. Maar tog vermoed ek dat die meeste van ons steeds sukkel met oorgange en dat ons soos die Molukse vrou tussen twee horlosies lewe.

In Lydingstyd word ons uitgenooi om sulke stories vir mekaar te vertel. Baie van ons sukkel om oor sulke emosies te praat. 'n Vrou van George het my gewys hoe moeilik dit somtyds kan wees. Sy was deel van 'n terapiegroep saam met ander vroue wat hul stories met mekaar sou deel. Ons was bloot

daar om dit te fasiliteer. Niemand was aanvanklik gemaklik om te praat nie en daar was 'n lang stilte. Sy was die eerste een om op te staan en te praat. Sy het verduidelik dat sy 'n 14 jarige dogter het wat baie siek is en dat die dokters nie geweet het wat haar makeer nie en ook nie watter behandeling om toe te dien nie. Sy het hulpeloos en magteloos gevoel. Sy het verduidelik dat 'n Ma veronderstel is om altyd daar te wees vir haar kind en om pleisters op wonde te plak. Maar in hierdie situasie het sy nie geweet wat om te doen nie. Dit het vir haar gevoel asof sy skielik nie geweet het hoe om 'n Ma te wees nie. Nadat sy haar storie met die groep gedeel het was daar weer 'n lang stilte. Die geskenk wat die groep aan haar gegee het was om haar storie sonder enige oordeel of verwerping te ontvang en die hele tyd met sagte oë na haar te kyk.

In lydingstyd vertel ons ook vir mekaar sulke stories en raak ons opnuut bewus van hoe weerloos ons menslikheid regtig is. Maar in lydingstyd herinner ons mekaar ook dat ons God kan toevertrou met ons stories. Dat God ook sonder veroordeling en verwerping ons lewens ontvang en met sagte oë na ons kyk.

Daar is 'n storie wat 'n briefskywer Markus vertel wat ons hiermee help. Jesus is oppad na Jerusalem en langs die pad het Hy 'n ontmoeting met Bartimeus en dit is waar ons die storie optel:

Markus 10:46-52

Daarna kom hulle in Jerigo aan. Toe Jesus en sy dissipels en 'n aansienlike menigte weer daarvandaan verder gaan, sit daar 'n blinde bedelaar, Bartimeus, seun van Timeus, langs die pad. Toe hy hoor dat dit Jesus van Nasaret is, het hy begin uitroep: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!" Baie mense het met hom geraas en gesê hy moet stilbly. Maar hy het al hoe harder uitgeroep: "Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!" Jesus het gaan staan en gesê: "Roep hom nader." Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: "Hou moed! Staar op! Hy roep jou." Hy het sy bokleed net daar gelos en opgespring en na Jesus toe gegaan. Jesus vra vir hom: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" "Rabboeni," sê die blinde man vir Hom, "dat ek kan sien." Jesus sê daarop vir hom: "Jy kan maar gaan. Jou geloof het jou gered." Dadelik kon hy sien en het hy op die pad agter Jesus aan gegaan.

Bartimeus hoor vir Jesus aankom, en roep desperaat uit "Ontferm U tog oor my". Ons weet nie baie van Bartimeus nie, behalwe dit wat Markus van hom vertel en dit is dat hy arm, blind en 'n bedelaar was. Ons kan dus die aanname maak dat Bartimeus die harde kant van die lewe geken het en dat hy op 'n diep vlak kon identifiseer met die vroue van George en Houton. Soos hulle, sou hy weet hoe dit voel om hulpeloos te wees en dat oorgange moeilik is om te bestuur.

So Jesus vra toe vir hom: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen" en Bartimeus antwoord hom: "dat ek kan sien". Ons hoor nie verder baie meer van Bartimeus nie en 'n mens wonder hoekom Markus juis kies om hierdie storie te vertel. Markus vertel 'n kort storie, in 'n paar sinne van 'n man van wie ons nie baie weet nie, net voor Jesus se groot intog in Jerusalem, en sy kruisiging en sy dood. Markus was baie lief gewees daarvoor om juis so te skryf en om kort momente en stories oor vreemdelinge van wie ons nie baie weet nie, in te werk tussen groot tonele.

Maar niks hiervan was toevallig nie, hy het dit doelbewus gedoen en wou deur hierdie versteekte stories 'n boodskap by die leser laat. Markus wou hierdeur sê dat hierdie klaarblyklike onbelangrike gebeure, die stories met net 'n paar sinne, is baie belangrik en ons moet dit nie mis kyk nie. Dit was

asof Markus wou sê dat dit hierdie kort verhale is, die wat so toevallig langs die pad plaasvind, wat vir ons vertel wie Jesus eintlik is.

In die storie roep Bartimeus desperaat uit na Jesus om hom te sien, om hom te help en om hom te genees. En dan tussen die woelige skare en die geraas sien Jesus vir Bartimeus raak op 'n wyse wat Bartimeus nog nooit deur iemand raakgesien is nie. Hy word raak gesien as 'n persoon, 'n iemand. Iemand met betekenis en iemand wie se storie belangrik is. Jesus neem die tyd tussendeur al die chaos en sien Bartimeus se emosies en desperaatheid. Hy kyk met sagte oë na hom en gee gewig aan sy brose menslikheid. Markus wil ons herinner dat dit is wie Jesus is en dit is wie God is.

So mag jy in die volgende week na die plekke in jou hart en gedagtes gaan waar jy dit nie dikwels waag nie en die stories vertel van dié kere toe jy gesukkel het om die lewe te leef. Mag jy dan die uitnodiging neem, dat jy ook hierdie stories aan God kan toevertrou wat jou storie sonder oordeel of verwerping sal ontvang en met sagte oë na jou kyk. Mag dit jou vry maak en jou uitnooi, om die volgende tree in jou lewe te neem.